Proof 5a / 11-15-2011 / 11:30

# REUNERT

REUNERT LIMITED

In die Republiek van Suid-Afrika ingelyf • Registrasienommer 1913/004355/06 • Aandeelkode: RLO
ISIN-kode: ZAE000057428 • Voorkeuraandeelkode: RLZP • ISIN-kode: ZAE00005930
("Reunert", "die groep" of "die maatskappy")

# Geouditeerde Groepresultate

vir die jaar geëindig 30 September 2011
en verklaring van kontantdividend

Genormaliseerde wesensverdienste per aandeel styg met **14%**

Totale kontantdividend per aandeel styg met **15%**

## Verkorte groepinkomstestaat

vir die jaar geëindig 30 September

| | Aantekeninge | 2011 R miljoen | % verandering | Heraangegee 2010 R miljoen |
|---|---|---|---|---|
| Inkomste | | **10 922,7** | 2 | 10 675,1 |
| Verdienste voor rente, belasting, waardevermindering, amortisasie, ander inkomste en dividende | | **1 472,7** | 12 | 1 320,6 |
| Ander inkomste | | **40,5** | | 54,9 |
| Verdienste voor rente, belasting, waardevermindering en amortisasie (VVRBWA) | 1 | **1 513,2** | 10 | 1 375,5 |
| Waardevermindering en amortisasie | | **121,8** | 8 | 112,7 |
| Bedryfswins | | **1 391,4** | 10 | 1 262,8 |
| Netto rente- en dividendinkomste | 2 | **40,9** | (31) | 59,2 |
| Abnormale items | 3 | **346,4** | | (34,0) |
| Wins voor belasting | | **1 778,7** | 38 | 1 288,0 |
| Belasting | | **425,9** | 13 | 376,6 |
| Wins na belasting | | **1 352,8** | 48 | 911,4 |
| Wins toeskryfbaar aan: | | | | |
| Nie-beherende belange | | **15,7** | 31 | 12,0 |
| Ekwiteitshouers van Reunert | | **1 337,1** | 49 | 899,4 |
| Basiese verdienste per aandeel (sent) | 5 & 6 | **809,0** | 61 | 503,3 |
| Verwaterde verdienste per aandeel (sent) | 5 & 6 | **803,3** | 61 | 498,8 |
| Wesensverdienste per aandeel (sent) | 5 & 6 | **598,3** | 18 | 505,5 |
| Verwaterde wesensverdienste per aandeel (sent) | 5 & 6 | **594,1** | 19 | 501,1 |
| Genormaliseerde wesensverdienste per aandeel (sent) | 5 & 6 | **590,0** | 14 | 515,7 |
| Genormaliseerde verwaterde wesensverdienste per aandeel (sent) | 5 & 6 | **585,9** | 15 | 511,1 |
| Kontantdividend per gewone aandeel verklaar (sent) | | **330,0** | 15 | 287,0 |
| Belastingkoers insluitend abnormale item | | **23,9** | 18 | 29,2 |
| Belastingkoers uitsluitend abnormale item | | **29,7** | 4 | 28,5 |
| VVRBWA as 'n % van inkomste | | **13,9** | 8 | 12,9 |

## Verkorte groepstaat van omvattende inkomste

vir die jaar geëindig 30 September

| | 2011 R miljoen | 2010 R miljoen |
|---|---|---|
| Wins na belasting | **1 352,8** | 911,4 |
| Ander omvattende inkomste, netto van belasting: | | |
| Verliese voortspruitend uit omrekening van die finansiële resultate van buitelandse filiale | **–** | (1,9) |
| Wins met verkoop van belegging | **(348,6)** | – |
| Effektiewe gedeelte van wins op verskansingsinstrumente | **4,2** | 6,0 |
| Inkomstebelasting met betrekking tot komponente van ander omvattende inkomste | **(1,2)** | 1,2 |
| Totale omvattende inkomste | **1 007,2** | 916,7 |
| Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan: | | |
| Nie-beherende belange | **15,7** | 12,0 |
| Ekwiteitshouers van Reunert | **991,5** | 904,7 |

## Verkorte groepbalansstaat

soos op 30 September

| | Aantekeninge | 2011 R miljoen | Heraangegee 2010 R miljoen |
|---|---|---|---|
| **Nie-bedryfsbates** | | | |
| Eiendom, aanleg en toerusting en ontasbare bates | | **702,0** | 635,3 |
| Klandisiewaarde | 7 | **654,9** | 492,1 |
| Beleggings en lenings | 8 | **46,1** | 44,3 |
| Rekeninge ontvangbaar | | **965,9** | 846,0 |
| Uitgestelde belasting | | **32,2** | 40,4 |
| **Nie-bedryfsbates** | | **2 401,1** | 2 058,1 |
| **Bedryfbates** | | | |
| Voorraad en onvoltooide kontrakte | | **885,5** | 863,3 |
| Rekeninge ontvangbaar en afgeleide finansiële bates | | **2 176,7** | 2 359,8 |
| Belegging | | **–** | 793,5 |
| Kontant en kontantekwivalente | | **643,0** | 1 878,1 |
| **Bedryfsbates** | | **3 705,2** | 5 894,7 |
| **Totale bates** | | **6 106,3** | 7 952,8 |
| **Ekwiteit toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van Reunert** | | | |
| Gewone | | **3 879,7** | 4 432,4 |
| Voorkeur | | **0,7** | 0,7 |
| | | **3 880,4** | 4 433,1 |
| Nie-beherende belange | | **55,2** | 37,9 |
| **Totale ekwiteit** | | **3 935,6** | 4 471,0 |
| **Nie-bedryfslaste** | | | |
| Uitgestelde belasting | | **99,6** | 122,0 |
| Langtermynlenings | 9 | **0,7** | 710,9 |
| **Nie-bedryfslaste** | | **100,3** | 832,9 |
| **Bedryfslaste** | | | |
| Rekeninge betaalbaar, afgeleide finansiële laste, voorsienings en belasting | | **1 984,9** | 1 956,6 |
| Bankoortrekkings en korttermyngedeelte van langtermynlenings (insluitende finansiële bruikhure) | | **85,5** | 692,3 |
| **Bedryfslaste** | | **2 070,4** | 2 648,9 |
| **Totale ekwiteit en laste** | | **6 106,3** | 7 952,8 |

## Verkorte groepstaat van veranderinge in ekwiteit

vir die jaar geëindig 30 September

| | 2011 R miljoen | 2010 R miljoen |
|---|---|---|
| **Aandelekapitaal en -premie** | | |
| Saldo aan die begin van die jaar | **140,9** | 116,0 |
| Aandele uitgereik | **59,4** | 24,9 |
| Saldo aan die einde van die jaar | **200,3** | 140,9 |
| **Aandeelgebaseerde betalingsreserwe** | | |
| Saldo aan die begin van die jaar | **732,4** | 679,6 |
| Aandeelgebaseerde betalingsuitgawe en uitgestelde belasting daarop | **18,6** | 52,8 |
| Saldo aan die einde van die jaar | **751,0** | 732,4 |
| **Billikewaarde-aanpassingsreserwe*** | | |
| Saldo aan die begin van die jaar | **345,6** | 338,4 |
| Ander omvattende inkomste | **(345,6)** | 7,2 |
| Saldo aan die einde van die jaar | **–** | 345,6 |
| **Ekwiteitstransaksie met SEB-vennoot** | **(35,3)** | (35,3) |
| **SEB-aandele†** | **(276,1)** | (276,1) |
| **Tesourie-aandele#** | | |
| Saldo aan die begin van die jaar | **(125,7)** | – |
| Aandele gedurende die tydperk teruggekoop | **(1 127,9)** | (125,7) |
| Saldo aan die einde van die jaar | **(1 253,6)** | (125,7) |
| **Nie-verdeelbare reserwes** | | |
| Saldo aan die begin van die jaar | **10,0** | 11,9 |
| Ander omvattende inkomste | **–** | (1,9) |
| Oorgedra na behoue verdienste | **(8,9)** | – |
| Saldo aan die einde van die jaar | **1,1** | 10,0 |
| **Behoue verdienste** | | |
| Saldo aan die begin van die jaar | **3 641,3** | 3 199,9 |
| Wins na belasting toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van Reunert | **1 337,1** | 899,4 |
| Oorgedra uit nie-verdeelbare reserwes | **8,9** | – |
| Belastingkoste van transaksie met SEB-vennoot | **–** | (2,0) |
| Kontantdividende verklaar en betaal | **(494,3)** | (456,0) |
| Saldo aan die einde van die jaar | **4 493,0** | 3 641,3 |
| **Ekwiteit toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van Reunert** | **3 880,4** | 4 433,1 |
| **Nie-beherende belange** | | |
| Saldo aan die begin van die jaar | **37,9** | 26,7 |
| Aandeel van totale omvattende inkomste | **15,7** | 12,0 |
| Dividende verklaar en betaal | **(4,2)** | (0,8) |
| Nie-beherende belange ingebring | **2,0** | – |
| Ander | **3,8** | – |
| Saldo aan die einde van die jaar | **55,2** | 37,9 |
| **Totale ekwiteit aan die einde van die jaar** | **3 935,6** | 4 471,0 |

** Hierdie reserwe het betrekking op billikewaarde-aanpassings op finansiële bates wat as "beskikbaar-vir-verkoop" finansiële bates geklassifiseer was.*

*† Hierdie is aandele gehou deur Bargenel Investment Limited (Bargenel), 'n maatskappy wat in 2007 deur Reunert aan 'n geakkrediteerde SEB-vennoot verkoop is. Totdat die verskuldigde bedrag deur die SEB-vennoot aan Reunert terugbetaal is, moet Bargenel deur die groep gekonsolideer word aangesien die wesenlike risiko's en belonings van eienaarskap van die ekwiteit nog nie na die SEB-vennoot oorgedra is nie.*

*# Met ingang Augustus 2010, het 'n groepfiliaal Reunert-aandele op die oop mark gekoop. Tot en met 30 September 2010, is 2,1 miljoen aandele teen 'n gemiddelde prys van R59,18 per aandeel gekoop. Geen verdere aankope het ná 4 Februarie 2011 plaasgevind nie, op welke tydstip 'n totaal van 19,2 miljoen aandele teen 'n gemiddelde prys van R65,37 per aandeel gekoop is.*

## Verkorte groepkontantvloeistaat

vir die jaar geëindig 30 September

| | 2011 R miljoen | Heraangegee 2010 R miljoen |
|---|---|---|
| VVRBWA | **1 513,2** | 1 375,5 |
| Afname in netto bedryfskapitaal | **47,7** | 318,3 |
| Ander (netto) | **(1,6)** | 26,3 |
| Kontant uit bedrywighede gegenereer | **1 559,3** | 1 720,1 |
| Netto rente- en dividendinkomste | **40,9** | 59,2 |
| Belasting betaal | **(438,8)** | (407,9) |
| Dividende betaal (insluitende nie-beherende belange) | **(498,5)** | (456,8) |
| Netto kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite | **662,9** | 914,6 |
| Netto kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite | **484,7** | (313,3) |
| Kapitaaluitgawes | **(99,4)** | (148,9) |
| Netto kontantvloei met verkryging van besighede | **(213,6)** | (180,3) |
| Netto opbrengs met verkoop van belegging in NSN | **791,2** | – |
| Ander | **6,5** | 15,9 |
| Netto kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite | **(1 768,9)** | (103,8) |
| Aandele uitgereik | **59,4** | 24,9 |
| Aandele gedurende die tydperk teruggekoop | **(1 127,9)** | (125,7) |
| Terugbetaling van Quince-langtermynlenings | **(699,9)** | – |
| Ander | **(0,5)** | (3,0) |
| **(Afname)/toename in netto kontantbronne** | **(621,3)** | 497,5 |
| **Netto kontantbronne aan die begin van die jaar** | **1 185,9** | 688,4 |
| **Netto kontantbronne aan die einde van die jaar** | **564,6** | 1 185,9 |
| Kontant en kontantekwivalente | **643,0** | 1 878,1 |
| Bankoortrekkings en ander korttermynlenings | **(78,4)** | (692,2) |
| **Netto kontantbronne** | **564,6** | 1 185,9 |

## Aantekeninge

| | 2011 R miljoen | Heraangegee 2010 R miljoen |
|---|---|---|
| **Aantekening 1** | | |
| **VVRBWA** | | |
| VVRBWA word getoon na: | | |
| – Koste van verkope | **7 683,0** | 7 555,5 |
| – Ander uitgawes, uitgesluit waardevermindering en amortisasie | **1 773,4** | 1 727,5 |
| – Ander inkomste | **40,5** | 54,9 |
| – Gerealiseerde verlies op buitelandse valuta en afgeleide finansiële instrumente | **(2,9)** | (15,5) |
| – Ongerealiseerde wins/(verlies) op buitelandse valuta en afgeleide finansiële instrumente | **9,3** | (56,0) |
| **Aantekening 2** | | |
| **Netto rente- en dividendinkomste** | | |
| Rente ontvang | **46,9** | 65,0 |
| Rente betaal | **(6,6)** | (7,2) |
| Dividendinkomste | **0,6** | 1,4 |
| Totaal | **40,9** | 59,2 |
| **Aantekening 3** | | |
| **Abnormale items** | | |
| Wins met verkoop van belegging | **348,2** | – |
| Min: Koste met betrekking tot verkoop | **(1,8)** | – |
| Netto wins op verkoop van belegging in Nokia Siemens Networks SA (Edms) Beperk (NSN) (verwys na aantekening 8) | **346,4** | – |
| Belasting (verwys na aantekening 4) | **0,3** | – |
| SEB-transaksiekoste | **–** | (34,0) |
| Netto abnormale items na belasting (huidige jaar) | **346,7** | (34,0) |

### Aantekening 4

**Belasting**

Voorsiening is in vorige jare gemaak vir die verwagte kapitaalwins betaalbaar met die verkoop van NSN deur dit te voorsien as uitgestelde belasting. Die huidige jaar se belastinguitwerking op die wins (verwys na aantekening 3) kan toegeskryf word aan 'n aanpassing tussen die raming wat vantevore gemaak is en die bedrag wat na verwagting betaal moet word.

| | 2011 R miljoen | Heraangegee 2010 R miljoen |
|---|---|---|
| **Aantekening 5** | | |
| **Getal aandele wat gebruik is by berekening van verdienste per aandeel** | | |
| Geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele wat gebruik is om basiese verdienste, wesensverdienste en genormaliseerde wesensverdienste per aandeel te bepaal (miljoene) | **165,3** | 178,7 |
| Aangepas met die verwateringsuitwerking van onuitgeoefende aandeelopsies toegestaan (miljoene) | **1,1** | 1,6 |
| Geweegde gemiddelde getal aandele wat gebruik is om verwaterde basiese, verwaterde wesens- en verwaterde genormaliseerde wesensverdienste per aandeel te bepaal (miljoene) | **166,4** | 180,3 |
| **Aantekening 6** | | |
| **6.1 Wesensverdienste** | | |
| Wins toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van Reunert | **1 337,1** | 899,4 |
| Wesensverdienste word bepaal deur die uitwerking van die volgende items uit toeskryfbare verdienste uit te skakel: | | |
| Wins met verkoop van NSN (na belastingkrediet van R0,3 miljoen) (verwys na aantekeninge 3 en 4) | **(346,7)** | – |
| Netto (wins)/verlies met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting en ontasbare bates (na belastingkoste van R0,6 miljoen (2010: RNul)) | **(1,5)** | 0,1 |
| Nie-beherende belange in verlies met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting en ontasbare bates | **–** | 0,1 |
| Netto surplus met verwatering in en verkoop van besigheid (na belasting van Rnul) | **–** | (0,2) |
| Waardedalingskoste erken vir eiendom, aanleg en toerusting (na belastingkoste van R1,6 miljoen) | **–** | 4,0 |
| Wesensverdienste | **988,9** | 903,4 |
| **6.2 Genormaliseerde wesensverdienste** | | |
| Wesensverdienste (verwys na aantekening 6.1) | **988,9** | 903,4 |
| Genormaliseerde wesensverdienste word bepaal deur die uitwerking van die volgende items uit toeskryfbare wesensverdienste uit te skakel: | | |
| SEB-transaksiekoste (na belasting van RNul) | **–** | 34,0 |
| IFRS 3 wins met verkryging van Nashua Communications (Edms) Beperk (na belasting van RNul) | **–** | (8,2) |
| Koersgedeelte van herwaardasie van afgeleide finansiële bates en laste in rentekoersruil transaksies (na belastingkoste van R3,1 miljoen) | **–** | 8,1 |
| SEB-aandeel van wesensverdienste-aanpassings | **–** | (6,9) |
| | **988,9** | 930,4 |
| Netto ekonomiese belang in wins toeskryfbaar aan alle SEB-vennote (verwys na aantekening 10) | **(13,8)** | (8,8) |
| Genormaliseerde wesensverdienste | **975,1** | 921,6 |
| **Aantekening 7** | | |
| **Klandisiewaarde** | | |
| Drawaarde aan die begin van die jaar | **492,1** | 460,6 |
| Verkryging van besighede | **162,8** | 31,5 |
| Drawaarde aan die einde van die jaar | **654,9** | 492,1 |
| **Aantekening 8** | | |
| **Beleggings en lenings** | | |
| Lenings – teen kosprys | **44,5** | 42,8 |
| Ander ongenoteerde beleggings – teen kosprys | **1,6** | 1,5 |
| Finansiële instrument – NSN-opsie teen billike waarde* | **–** | 299,2 |
| Finansiële instrument – belegging in NSN teen billike waarde | **–** | 494,3 |
| Drawaarde aan die einde van die jaar | **46,1** | 837,8 |
| Nie-bedryfs beleggings en lenings | **46,1** | 44,3 |
| Huidige belegging* | **–** | 793,5 |
| Direkteurswaardasie van ongenoteerde beleggings | | |
| – NSN-opsie en -belegging | **–** | 793,5 |
| – Ander ongenoteerde beleggings | **1,6** | 1,5 |

** Soos aangekondig op die Sekuriteitebeursnuusdiens (SENS) op 4 Februarie 2011, het Reunert sy opsie uitgeoefen om sy belegging in NSN te verkoop en het R793,5 miljoen vanaf die Nokia Siemens Networks groep ontvang.*

| | 2011 R miljoen | Heraangegee 2010 R miljoen |
|---|---|---|
| **Aantekening 9** | | |
| **Langtermynlenings** | | |
| Totale Langtermynlenings (insluitende finansiële bruikhure) | **7,7** | 711,0 |
| Min: Korttermyngedeelte (insluitende finansiële bruikhure) | **(7,0)** | (0,1) |
| | **0,7** | 710,9 |
| Quince het in Februarie 2011 sy langtermyn gesekuriteerde lenings terugbetaal. | | |
| **Aantekening 10** | | |
| **SEB-transaksies** | | |
| Sekere SEB-transaksies, waar die wesenlike risiko's en belonings van eienaarskap van die ekwiteit nog nie aan die SEB-vennote oorgedra is nie, word nie as nie-beherende belange erken nie. | | |
| Indien die nie-beherende belange erken is, sou die uitwerking soos volg wees: | | |
| – Netto ekonomiese belang in huidige jaar se wins wat aan alle SEB-vennote toeskryfbaar is | **13,8** | 8,8 |
| – Balansstaatbelang wat ekonomies aan alle SEB-vennote toeskryfbaar is | **77,3** | 154,1 |

### Aantekening 11

**Belangrikste Korporatiewe Aktiwiteit**

Al die verkrygings is uit kontantbronne in die groep befonds.

**Verkryging van Nashua-franchises**

Nashua Holdings het met ingang 1 November 2010, 51% van die Nashua Tygerberg en Nashua Paarl franchises vir onderskeidelik R10,6 miljoen en R7,1 miljoen gekoop. Die nie-beherende aandeelhouers van hierdie twee besighede het elkeen R1,0 miljoen ekwiteit verskaf.

Die besigheid en netto bates van Nashua Durban is met ingang 1 Mei 2011 deur Nashua Holdings vir R48,9 miljoen gekoop. Ingevolge die ooreenkoms met die vorige eienaars, is die balans van R47,8 miljoen betaalbaar ses maande ná die verkrygingsdatum.

Die besigheid en netto bates van Nashua Kaapstad is deur Nashua Holdings vir R67,0 miljoen gekoop. Ingevolge die ooreenkoms met die vorige eienaar, is die balans van R41,4 miljoen betaalbaar ses maande ná die verkrygingsdatum.

Die R41,1 miljoen klandisiewaarde voortspruitend uit hierdie verkrygings kan daaraan toegeskryf word dat die prys wat betaal is, hoër is as alle gelewerde bates, en verteenwoordig die intrinsieke waarde van die bestaande besighede om vorentoe winste te lewer. Hierdie aankope is in lyn met Nashua Office Automation se strategie om 'n beherende aandeel in alle bestaande sleutel franchise-ondernemings te verkry.

**Verkryging van ECN Telecommunications (ECN)**

Reunert het met ingang 1 Junie 2011 die besigheid en netto bates van ECN vir R171,9 miljoen gekoop.

Die klandisiewaarde van R107,8 miljoen voortspruitend uit die verkryging bestaan grotendeels uit die verwagte sinergieë wat die groep se vermoë sal uitbrei om ten volle gekonvergeerde kommunikasie-oplossings te verskaf.

**Verkryging van ITmatic**

Die besigheid en netto bates van ITmatic is met ingang 1 Julie 2011 deur CBI-electric: swakstroomafdeling van Reunert vir R1,0 miljoen gekoop.

Die R13,9 miljoen klandisiewaarde spruit uit die verkryging aangesien ITmatic 'n toonaangewende prosesbeheer- en outomatiseringstelselintegreerder is en die verkryging geposisioneer is om die afdeling se groei in ander buitelandse markte te versnel.

| | Nashua-franchises R miljoen | ECN R miljoen | ITmatic R mijoen | Groep R miljoen |
|---|---|---|---|---|
| Netto bates verkry | | | | |
| Uitgestelde belasting | (5,4) | (7,8) | – | (13,2) |
| Eiendom, aanleg en toerusting en ontasbare bates | 28,6 | 67,4 | 1,0 | 97,0 |
| Voorraad | 17,0 | 5,2 | – | 22,2 |
| Rekeninge ontvangbaar* | 74,2 | 49,5 | 4,8 | 128,5 |
| Betaalbare rekeninge en voorsienings | (21,9) | (50,2) | (18,7) | (90,8) |
| Klandisiewaarde | 41,1 | 107,8 | 13,9 | 162,8 |
| Koste van belegging | 133,6 | 171,9 | 1,0 | 306,5 |
| Wins/(verlies) sedert verkryging | 4,8 | (0,6) | (0,3) | 3,9 |
| Inkomste vir die 12 maande geëindig 30 September 2011 asof die verkrygingsdatum 1 Oktober 2010 was | 325,7 | 397,4 | 65,2 | 788,3 |
| Wins/(verlies) vir die 12 maande geëindig 30 September 2011 asof die verkrygingsdatum 1 Oktober 2010 was | 14,0 | 2,8 | (7,4) | 9,4 |
| * Bruto kontraktuele bedrae van rekeninge ontvangbaar op verkrygingsdatum | 74,2 | 49,5 | 4,8 | 128,5 |
| * Die beste raming van kontraktuele kontantvloei van rekenings ontvangbaar wat nie verwag word om ontvang te word nie | – | – | – | – |

### Aantekening 12

**Opstellingsgrondslag**

Hierdie verkorte gekonsolideerde finansiële state is ooreenkomstig die raamwerkkonsepte en die erkennings- en metingsvereistes van IFRS en interpretasies, soos aangeneem deur die Internasionale Rekeningkundige Standaarderaad (IRSR), effektief vir die groep op 30 September 2011 asook die AC 500 standaarde soos uitgereik deur die Rekeningkundigepraktykeraad, opgestel. Hierdie verkorte gekonsolideerde inligting is opgestel deur gebruikmaking van inligting soos vereis deur IRS 34 – Tussentydse Finansiële Verslagdoening, en voldoen aan die Noteringsvereistes van die JSE Beperk en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika, Wet 71 van 2008. Hierdie verslag is opgestel onder toesighouding van MC Krog GR(SA) (Groep finansiële direkteur). Hierdie finansiële state sluit nie al die inligting in wat vereis word vir volledige finansiële jaarstate nie en moet saam met die gekonsolideerde finansiële state soos op en vir die jaar geëindig 30 September 2011 gelees word.

Die groep se rekeningkundige beleid, soos uiteengesit in die geouditeerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 30 September 2010, is konsekwent toegepas. Hierdie rekeningkundige beleid voldoen aan IFRS.

### Aantekening 13

**Nie-gekonsolideerde filiaal**

Die finansiële resultate van Cafca Limited, 'n filiaal wat in Zimbabwe ingelyf is, is nie in die groepresultate gekonsolideer nie, omdat die direkteure meen daar bestaan 'n gebrek aan beheer, en die betrokke bedrae nie wesenlik vir die groep se resultate is nie.

Die maatskappy se behoue verdienste het op 30 September 2011, VS$2,8 miljoen bedra.

### Aantekening 14

**Verwanteparty-transaksies**

Die groep het verskillende transaksies in die gewone gang van sake met verwante partye aangegaan, ooreenkomstig bepalings wat nie meer gunstig was as dié wat met onafhanklike derde partye beding word nie.

### Aantekening 15

**Gebeure na balansstaatdatum**

Geen gebeure het na die balansstaatdatum plaasgevind wat bykomende openbaarmaking of aanpassing van die finansiële state vereis nie.

### Aantekening 16

**Ouditmening**

Die gekonsolideerde finansiële state vir die jaar is deur Deloitte & Touche geoudit. Die gekonsolideerde finansiële state, die gepaardgaande ongewysigde ouditverslag, asook hulle ongewysigde ouditverslag oor hierdie verkorte finansiële inligting, is by die maatskappy se geregistreerde kantoor ter insae beskikbaar.

### Aantekening 17

**Vorige jaar syfers**

**Inkomstestaat**

Die vorige jaar se syfers is heraangegee ten einde tussengroeptransaksies tussen Reunert en Quince ten volle uit te skakel. Die uitwerking van die uitskakelings word hieronder uiteengesit:

| | Vorige R miljoen | Heraangegee R miljoen | Verskil R miljoen |
|---|---|---|---|
| Inkomste | 10 679,9 | 10 675,1 | 4,8 |
| Verdienste voor rente, belasting, depresiasie, amortisasie, ander inkomste en dividende | 1 281,4 | 1 320,6 | (39,2) |
| VVRBWA | 1 336,3 | 1 375,5 | (39,2) |
| Bedryfswins | 1 223,6 | 1 262,8 | (39,2) |
| Netto rente- en dividendinkomste | 98,4 | 59,2 | 39,2 |
| Wins voor belasting | 1 288,0 | 1 288,0 | – |
| Wins na belasting | 911,4 | 911,4 | – |

## Aantekening 17 vervolg

**Vorige jaar syfers (vervolg)**

**Balansstaat**

Openbaarmakings met betrekking tot Quince is in die gepaste lynitems op die gekonsolideerde balansstaat verkort. Quince nie-bedryfs ontvangbare rekeninge van R821,7 miljoen, Quince rekeninge ontvangbaar van R646,3 miljoen, Quince banksaldo's en kontant van R72,5 miljoen, Quince langtermynlenings van R699,9 miljoen en Quince banklenings van R691,5 miljoen is by die gepaste lynitems van die Reunert groepbalansstaat geïnkorporeer.

## Aanvullende inligting

| | 2011 | 2010 |
|---|---|---|
| R miljoen (tensy anders aangedui) | | |
| Netto waarde per aandeel (sent) | **2 401** | 2 502 |
| Bedryfsverhouding (:1) | **1,8** | 2,2 |
| Netto getal gewone uitgereikte aandele (miljoen) | **161,6** | 177,2 |
| Getal gewone uitgereikte aandele (miljoen) | **199,3** | 197,8 |
| Min: SEB-aandele (miljoen) | **(18,5)** | (18,5) |
| Min: Tesourie-aandele (miljoen) | **(19,2)** | (2,1) |
| Kapitaaluitgawes | **99,4** | 148,9 |
| – uitbreiding | **62,6** | 111,0 |
| – vervanging | **36,8** | 37,9 |
| Kapitaalverbintenisse ten opsigte van eiendom, aanleg en toerusting | **57,1** | 65,1 |
| – gekontrakteer | **7,2** | 11,0 |
| – gemagtig maar ongekontrakteer | **49,9** | 54,1 |
| Verbintenisse ten opsigte van bedryfsbruikhure | **170,0** | 85,8 |

## Verkorte segmentele ontleding

| | 2011 R miljoen | % van totaal | % verandering | Heraangegee 2010 R miljoen | % van totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| **Inkomste*** | | | | | |
| CBI-electric | **3 336,0** | 30 | 13 | 2 961,3 | 28 |
| Nashua | **6 927,5** | 64 | 1 | 6 867,2 | 65 |
| Reutech | **639,3** | 6 | (19) | 791,0 | 7 |
| Ander | **3,0** | – | 11 | 2,7 | – |
| Totale bedrywighede | **10 905,8** | 100 | 3 | 10 622,2 | 100 |
| NSN | **16,9** | | (68) | 52,9 | |
| **Inkomste soos gerapporteer** | **10 922,7** | | 2 | 10 675,1 | |
| ** Tussensegment-inkomste is nie wesenlik nie en is nie geopenbaar nie.* | | | | | |
| **Bedryfswins** | | | | | |
| CBI-electric | **592,1** | 43 | 14 | 521,1 | 43 |
| Nashua | **794,2** | 58 | 21 | 653,7 | 54 |
| Reutech | **48,7** | 3 | (20) | 60,6 | 5 |
| Ander | **(60,5)** | (4) | | (25,5) | (2) |
| Totale bedrywighede | **1 374,5** | 100 | 14 | 1 209,9 | 100 |
| NSN | **16,9** | | (68) | 52,9 | |
| **Bedryfswins soos gerapporteer** | **1 391,4** | | 10 | 1 262,8 | |
| **Totale bates** | | | | | |
| CBI-electric | **1 580,8** | | | 1 494,8 | |
| Nashua | **3 847,7** | | | 3 595,4 | |
| Reutech | **355,7** | | | 659,7 | |
| Ander | **322,1** | | | 2 202,9 | |
| **Totale bates soos gerapporteer** | **6 106,3** | | | 7 952,8 | |

** Ingesluit in Ander is banksaldo's van R224,7 miljoen (2010: R1 207,6 miljoen) gehou deur die groep se tesourier.*

## KOMMENTAAR

Inkomste vir die jaar het relatief konstant gebly, met 'n toename van 2% vanaf R10,7 miljard tot R10,9 miljard. Bedryfswins weerspieël 'n toename van 10% tot R1,4 miljard, terwyl genormaliseerde wesensverdienste per aandeel met 14% tot 590,0 sent verhoog het. Na verrekening van die abnormale item van R346,4 miljoen, wat verband hou met die wins uit die verkoop van die NSN-belegging, het verdienste per aandeel met 61% tot 809,0 sent gestyg.

Ons aanbieding met betrekking tot Quince ten opsigte van die inkomstestaat en balansstaat is in die huidige jaar verkort. Vergelykende syfers word dienooreenkomstig heraangegee.

### CBI-electric

Die CBI-electric groep van maatskappye het gedurende 2011 goeie resultate gerapporteer. Die bedrywighede het almal goed presteer in die moeilike handels-omgewing wat reeds vir etlike jare duur. Inkomste het met 13% tot R3,3 miljard toegeneem en bedryfswins het met 14% tot R592,1 miljoen verbeter.

Alhoewel marktoestande steeds uitdagend bly, was die vraag na energiekabels op dieselfde vlakke as in die laaste helfte van 2010 en die begin van 2011. Die prys van koper het hoog gebly, maar was relatief stabiel gedurende die jaar. Die hoër inkomste wat uit hierdie koperpryse gerealiseer is, het 'n klein impak op marges gehad, aangesien ons voortgaan om kopervoorraad so laag as moontlik te hou. Verhoogde doeltreffendhede by die bedrywighede in hierdie segment het tot verbeterde bruto marges bygedra.

Bou-aktiwiteit in Suid-Afrika het gedemp gebly, maar die verhoogde vlak van uitvoere na Europa en Asië het gehelp om inkomste en marges in die swakstroom-segment te ondersteun. Die Australiese bedrywigheid, toon lewensvatbare winsgewindheid en het 'n positiewe uitwerking op die resultate gehad en, saam met kostebeheer en 'n fokus op verhoogde doeltreffendheid, het tot die beter marges bygedra.

Die telekommunikasiekabels gesamentlike onderneming het weereens 'n wisselvallige jaar beleef, met swak vraag in die eerste ses maande, gevolg deur 'n effense verbetering in die tweede helfte van die jaar. Die beplande vesel-optiese kabelverbinding tussen die grootste Suid-Afrikaanse stede het die vraag na vesel en mikro-buise verhoog. Die lae vraag na koperkabel bly egter kommerwekkend.

### Nashua

Nashua het soos te wagte in 'n stil mark presteer. Verskeie verkrygings wat in die segment gemaak is, het bygedra tot marginale groei van 1% in inkomste. Hierdie verkrygings, wat vier franchises en ECN insluit, saam met beduidende toenames in die bydraes deur Quince en Nashua Electronics, het bedryfswinsgroei van 21% tot R794,2 miljoen tot gevolg gehad.

Die verkryging van ECN met ingang 1 Junie 2011 was uiters voordelig vir die groep. Goeie markpenetrasie is bereik en fakturering beloop huidiglik meer as 50 miljoen minute per maand. Die omskepping van die Least-Cost-Routing (LCR) besigheid na ECN se Voice-over-Internet-Protocol (VoIP) netwerk voldoen aan ons kliënte se verwagtinge. Terwyl hierdie migrasie nog 'n verdere 18 maande sal duur, is ons vol vertroue dat ons die meeste van die kliënte wat ons gedurende hierdie proses teiken, sal behou.

Quince se winsgewendheid het na normale vlakke teruggekeer met die verlaging van slegte skuld. Die besigheid fokus nou op die finansiering van ons Kantooroutomatiserings- en Telekommunikasietoerusting-kliënte. Ons is vol vertroue dat slegte skuld in die jaar vorentoe gering sal wees. Nashua Electronics se verkope het gedaal aangesien die bedrywigheid uit die verbruikersmark getree het. Die toevoeging van Kyocera Mita tot sy produkaanbieding is positief en het bygedra tot die terugkeer na winsgewendheid.

Nashua Mobile het 'n bevredigende jaar beleef ten spyte van die afname in tussenverbindingstariewe. Die omskepping van sy LCR-besigheid na ECN se VoIP-platform duur voort. Die fokus op mobiele stem- en data-oplossings, het tot bykomende netto verbindings van 27 000 gedurende die jaar gelei.

Die Kantooroutomatiseringsbedrywighede het verhoogde eenheidsverkope ondervind, maar 'n stil mark het verdere druk op marges geplaas. Verhoogde aanbiedings in die drukdiens- en databestuurs-en bergingsareas het die onderneming se aandeel in die tenderbesigheid verhoog. Die groep sal voortgaan met sy strategie om groter franchises te koop om nader aan sy kliënte te beweeg.

### Reutech

Inkomste vir jaar het met 19% tot R639,3 miljoen afgeneem, terwyl bedryfswins 20% laer was op R48,7 miljoen. Die bydrae deur Fuchs is beduidend verlaag as gevolg van die laat ontvangs van 'n uitvoerbestelling. Die Radarafdeling, deur sy mynbou-waarnemingsradars, het 'n suksesvolle jaar ondervind terwyl die ander besighede soos te wagte presteer het.

### NSN

Reunert het in Januarie 2011 sy opsie uitgeoefen om sy aandele in NSN te verkoop. Die verkoop van die belegging het R793,5 miljoen gerealiseer, wat gelei het tot 'n abnormale wins van R346,4 miljoen.

## KAPITAALBELEGGING EN KONTANTBESTUUR

Ons kapitaalbelegging van R99,4 miljoen ten opsigte van eiendom, masjinerie en toerusting en ontasbare bates sal verseker dat ons oor die vermoë sowel as die kapasiteit beskik om aan toekomstige vraag te voldoen. Reunert het R306,5 miljoen belê in die verkryging van vier Nashua-franchises, ITmatic en ECN. Die verkryging van die vier franchises is in lyn met die groep se strategie om die groter franchises te verkry. ECN het Reunert se vermoë uitgebrei om die marge met betrekking tot sy LCR-basis te handhaaf. ECN verskaf ook aan Reunert 'n netwerk wat ons in staat stel om kliënte te voorsien van stem- en data-oplossings. Die ITmatic-verkryging deur die CBI-electric swakstroom-afdeling bied aan ons die vermoë om 'n stelsel-integreerder met omvattende tegniese vermoëns regoor Afrika te wees.

Kontantbronne van R1,1 miljard is aangewend om 17,1 miljoen aandele teen 'n gemiddelde prys van R66,14 terug te koop. Die balansstaat het sterk gebly met kontant en kontantekwivalente ten bedrae van R564,6 miljoen. Voorts word beskikbare kontant van R1,1 miljard huidiglik aangewend om die Quince-batehuurboek te finansier.

## VOORUITSIGTE

Die Suid-Afrikaanse ekonomie en die ekonomieë van die meeste van ons uitvoermarkte bly uiters swak en daar word verwag dat 2012 nóg 'n uitdagende jaar gaan wees. Ons sal voortgaan om innovering, 'n verbintenis tot voldoening aan kliënte se vereistes en gesonde bestuursbeginsels te bevorder.

Met voorbehoud dat heersende ekonomiese toestande nie versleg nie, verwag ons om groei in verdienste per aandeel in die jaar vorentoe te behaal.

Die finansiële inligting waarop bogenoemde voorspelling gegrond is, is nie deur die maatskappy se eksterne ouditeure nagesien of oor gerapporteer nie.

## DIREKSIE EN WAARDERING

Mnre BP Connellan en KJ Makwetla het tydens die algemene jaarvergadering gehou op 8 Februarie 2011, uit die direksie afgetree. Die direksie betuig sy waardering vir hul waardevolle bydrae tot en insae teenoor die groep oor vele jare.

Dit is aangenaam vir die direksie om me YZ Cuba en mnr SG Pretorius as onafhanklike, nie-uitvoerende direkteure te verwelkom. Yolanda is met ingang 1 Januarie 2011 en Brand met ingang 22 Februarie 2011 aangestel.

Mnr NC Wentzel het op 21 September 2011 uit die direksie bedank. Mnr GJ Oosthuizen het op 14 Oktober 2011 uit die direksie bedank. Mnr DJ Rawlinson is op 21 September 2011 as uitvoerende hoof en me MC Krog, die benoemde finansiële direkteur, is as finansiële direkteur aangestel. Dit is verblydend vir die direksie om Manuela op die direksie te verwelkom as 'n uitvoerende direkteur.

## KONTANTDIVIDENDE

Kennis geskied hiermee dat 'n finale kontantdividend, nommer 171 van 253 sent per aandeel (2010: 220 sent per aandeel) deur die direkteure verklaar is vir die jaar geëindig 30 September 2011, wat die totale kontantdividend vir die jaar op 330 sent per aandeel (2010: 287 sent per aandeel) te staan bring. Ooreenkomstig die vereistes van Strate, is die volgende datums van toepassing:

| | |
|---|---|
| Laaste dag om te verhandel (met dividend) | Vrydag, 13 Januarie 2012 |
| Eerste dag van verhandeling (sonder dividend) | Maandag, 16 Januarie 2012 |
| Rekorddatum | Vrydag, 20 Januarie 2012 |
| Betaaldatum | Maandag, 23 Januarie 2012 |

Aandeelhouers mag nie hulle aandelesertifikate tussen Maandag, 16 Januarie 2012 en Vrydag, 20 Januarie 2012, beide dae ingesluit, dematerialiseer of hermaterialiseer nie.

Namens die direksie

**Trevor Munday**
*Voorsitter*

**David Rawlinson**
*Uitvoerende Hoof*

Sandton
14 November 2011

**Direkteure:** TS Munday (Voorsitter)*, DJ Rawlinson (Uitvoerende Hoof), YZ Cuba*, BP Gallagher, SD Jagoe*, MC Krog, TJ Motsohi*, KW Mzondeki*, SG Pretorius*, NDB Orleyn**, Dr JC van der Horst*, R van Rooyen*
** Onafhanklik nie-uitvoerend, ** Nie-uitvoerend*

**Geregistreerde kantoor:** Lincoln Wood Office Park, Woodlandsweg 6 – 10, Woodmead, Sandton,
Posbus 784391, Sandton, 2146
Telefoon +27 11 517 9000

**Oordragsekretarisse**

Computershare Investor Services (Edms) Beperk, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001,
Posbus 61051, Marshalltown, 2107

**Borg**

Rand Merchant Bank ('n Divisie van FirstRand Bank Beperk)

**Verklaring deur sekretaris**

Ingevolge artikel 85 van die Maatskappywet, 71 van 2008, bevestig ek dat, na die beste van my kennis en wete, die maatskappy al sodanige opgawes soos vereis van 'n openbare maatskappy ingevolge voormelde Wet vir die finansiële jaar geëindig 30 September 2011 by die Maatskappye en Intellektuele Eiendomskommissie ingedien het en dat al sodanige opgawes waar, korrek en op datum is.

**NG Camhee**
(Aangestel effektief 1 April 2011)
Groepmaatskappysekretaris

**Navrae**

Carina de Klerk +27 11 517 9000 of e-pos invest@reunert.co.za.
Verdere inligting is op die Reunert-webblad beskikbaar by www.reunert.com.